menlo-insig

2/2023

# LIEWE MENLO

*Aan die woord is Sheliza de Wet (hoofdogter). Geniet die verkorte weergawe van haar verwelkomingstoespraak op 11 Januarie 2023.*

2023 lê soos 'n groot, blou golf voor ons. En hierdie golf gaan ons ry.

Ons het almal vanoggend vol stories oor Kersfees en die Desembervakansie deur die hekke gestap. Vir baie van ons beteken Kersfees en vakansie om see toe te gaan. Ek is van kleins af geleer dat Kersvader nie met 'n slee ry nie, maar met 'n bootjie... en het julle geweet..? "Kersvader en my oom dra toevallig dieselfde tekkies."

Vir my beteken die Desembervakansie om my na 'n lang jaar eindelik weer met my branderplank te verenig. Ek het egter vanjaar besef dat die einde van die vakansie gelukkig nie die einde van branderplankry beteken nie. Die golwe gaan regdeur die jaar aanhou en daarom moet ons die golwe van sport, akademie, kultuur en gees regdeur die jaar ry.

Hier aan die begin van die jaar is ons almal in dieselfde posisie. Ons het 'n keuse: Ons kan met ons neuse eerste van ons branderplanke tuimel, of ons kan besluit om die golwe met grasie, tegniek en balans te ry.

In 2009 het Naima Green, 'n ervare branderplankryer gesê dat die beste deel van branderry is dat jy net 'n bord en 'n brander nodig het.

2009 is ook die jaar waarin die nuwe klomp graadaggies hier voor my gebore is: Julle staan aan die begin van die beste brander van julle lewe en durf dit vanjaar met 'n breë plank, die *mini tanker,* aan.

In 2008 het nog 'n beroemde branderryer, Shane Dorian, gesê dat hy eintlik net ter wille van 'n goeie *tan* branderry. Graadneges het al 'n bietjie Menlo-ervaring opgedoen en daarom kan julle julle daarop toespits om die jaar op julle *funboards* te geniet.

2007 is die jaar toe Phil Edwards gesê het dat die beste branderryer die een is wat dit die meeste geniet. In graad 10 verruil jy jou breë branderplank vir 'n smaller een, die *egg board*. Julle is nou deel van die skool se seniors en kan dit geniet om met 'n bietjie minder vakke oor die weg te kom.

Bethany Hamilton het in 2006 gesê dat as die branders jou rol, jy net weer moet opstaan, want jy weet nooit watter geleentheid agter die volgende brander wag nie.

Graadelfs, julle gaan regdeur die jaar hoor dat graad 11 die belangrikste jaar van jou lewe is. Onthou net, dit maak nie saak hoe hard die wetenskaptoets jou rol nie, daar is geleenthede wat wag en daar is altyd weer 'n kans om op jou *short board* te klim.

2005. Dit is die jaar waarin die wêreld se heel beste en bekendste branderryer, Kelly Slater, gesê het dat branderry soos die Mafia is, want as jy eers in is, kom jy nie weer uit nie. Die Hoërskool Menlopark het in die afgelope vier jaar so deel van ons lewens geword dat ons hier wil bly. Die graad 12's se *fishboard* is die kortste en skerpste en met hierdie bord is ons matrieks reg vir ons jaar as die voorste visse in die skool.

Die laaste bord op Menlo-bodem is die *big gun*. Om hierdie bord te ry, het jy jare se ondervinding nodig en dit is net vir branders wat groter is as die I-blok. Hierdie bord behoort aan Shaun Tomson en hy het gesê dat dit 'n mengsel van vreugde, geduld, 'n bietjie vrees en ongelooflike trots is om so 'n bord baas te raak. Die *big gun* is die bord wat ons Menlo-onderwysers met gemak bemeester.

Die groot golf van Kanagawa was 'n 50 voet golf, maar die golf van 2023 is 60 voet groot en dit is die golf van Menlopark.

Excelsa Petamus.
Streef die hoogste na.



# DAGBOEK

**27/1**
Atletiek: Waterkloof (Tuis)
Tennis: GN-Hoërskolekampioenskap (o. 15)
Sperdatum vir aansoek om kleure en erekleure (musiek) by me. Van Papendorp.

**28/1**
Perdesport: Menlo-skou (Graceland)
Krieket: Volkskool Potchefstroom (Eerstespan: tuis; o. 15's: weg)

**30/1**
Redenaars: Afrikaans Gr. 8- & 9-uitdunne (Ouditorium, 14:15 – 18:00)
Hokkie: Ouerinligtingsaand (Ouditorium, 18:00)
**Fotodag: Graad 8- & 9-individuele foto's (uitgaandrag)**

**31/1**
Akademie: Toekenningsaand (Gr. 8- & 9-inoefening, 07:30)
Redenaars: English Public Speaking auditions Gr. 8 & 9 (Auditorium, 14:15 – 18:00)
Akademie: Toekenningsaand (Gr. 8 & 9, Saal, 19:00)
**Fotodag: Graad 10-, 11- & 12-individuele foto's (uitgaandrag)**

MENLO MA'S WAT
# OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Psalm 25: 4-5**
Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaie. Laat u waarheid my lei en onderrig my daarin, want U is God, my redder. In U stel ek elke dag my verwagting.

**1/2**
Akademie: Toekenningsaand (Gr. 10- & 11-inoefening, 07:30)
Atletiek: Agri Top 15 (Bethal)
Tennis: GN-liga (Senior dogters)
Akademie: Toekenningsaand (Gr. 10 & 11, Saal, 19:00)
**Toetse van 1/2 skuif na 2/2.**

**2/2**
Akademie: Gasvryheidstudies (Gr. 12, 14:30)
Swem: Ligagala
Fietsry: Ouerinligtingsvergadering (Ouditorium, 18:00)

# AKADEMIE

## Matrieks '22 sorg vir eerste verjaarsdaggeskenk



Dit is Januarie 2023, 05:00. Die skool se topbestuurspan staan in die portaal en wag. Daar is baie sake op die dag se agenda, tog is almal tjoepstil. "Hier is dit nou." Skielik verander die kantoor in 'n toneel wat aan 'n ongevalle-afdeling herinner. Elkeen in die span het 'n taak wat onmiddellik en akkuraat uitgevoer moet word. Na wat soos 'n ewigheid voel, is die pak matrieksertifikate eindelik gedupliseer. In een van die kantore langsaan staan die volgende span gereed om die operasie af te handel. Twaalf jaar se swoeg en sweet word een ry in 'n Excel-tabel. Nou is dit éérs belangrik om sekuur te werk. "Weet ons al hoeveel A's ons het?" Amper daar. Teen 06:30 is die taak voltooi. Die data lewe. Om 07:15, in die personeel se oggendvergadering, staan die personeel verstom. Dankbaar. Nederig. Dit het goed gegaan met ons kinders.

**Die volledige uitslae word binnekort in 'n spesiale matriekuitslaeweergawe van Die Insig gepubliseer. Wees asseblief op die uitkyk hiervoor**.

Intussen maak die skool graag die hoogtepunte bekend:

* 330 matrieks behaal 964 onderskeidings.
* 2,9 A's per kandidaat.
* Graadgemiddeld: 73,9%.
* Graadvrystellingskoers: 96,96%.
* 109 leerders met A-gemiddelde.
* Nr. 1-skool in Gauteng.
* Beste prestasie in English (FAL) in Gauteng: PR Human & Jeanne Craig (98%).

Baie geluk aan die 2022-matrieks en onderwysers. #Menlotrots

(Volg gerus die skakel om na PR en Jeanne se onderhoud met eNuus te loer.)


Die Hoërskool Menlopark
word 60
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
Ons vier die stigting van ons skool met 'n spesiale kerkdiens!
Sondag, 29 Januarie
16:00
Menlo-pawiljoen
1963 - 2023


Nr. 1 in Gauteng.
DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
60
1963 | 2023
#menlomatrieks #myplekismenlo

# AKADEMIE

## Matrieks van 2022 keer vir oulaas terug

12 jaar. 48 kwartale.

Dit is hoe lank 'n mens se lewe deur die ritme van skoolklokke gereguleer word. In eksamentye voel dit soms asof die tyd te stadig verbygaan, maar dan staan jy skielik een oggend op om die laaste rapport by die skool af te haal en dit is wanneer jy besef hoe vinnig twaalf jaar eintlik verbygaan.

Dit was 'n voorreg om die Klas van 2022 vir oulaas op Menlo-bodem te verwelkom om hulle laaste rapporte uit te deel. Te oordeel aan die breë glimlagte lyk dit asof dit vir elke leerder 'n blye weersiens was.

#MyplekisMenlo







# GEES



## Kyk net hoe bekkig!

Twee mini-Parkies in graad 2 het vandeesweek uit hulle klasse geglip om 'n draai op Menlo-bodem te maak. Die klein lyfies het leeuemoed getoon om die skool tydens opening met ons puik matriekuitslae geluk te wens. Eminé Sciocatti en Nellis de Jager het hulle sending suksesvol voltooi en talle Menlo-harte in die proses gesteel. Die skool bedank graag die twee mini-Parkie-pioniers wat die voortsetting van hulle akademiese se loopbane tydelik onderbreek het om spesiaal op Menlo-bodem te draai.

## Ons het die G-E-E-S!

Ons is die S-P-A-N! Ons talent, deelname en entoesiasme tref die kol. Komaan Parkies, laat ons JOL!

Die Menloparkers, onder leiding van die skool se splinternuwe dirigente, het die noordelike heuwels van Krugersdorp verlede week soos 'n orkaan getref om die atlete te ondersteun.

Te oordeel aan ons atlete se goeie vertoning het die Parkies op die pawiljoen hulle uitstekend van hulle taak gekwyt.

Die hoofdirigente wat vanjaar sal sorg dat die pawiljoenkrygers in gelid staan, is Danique de Souza en Keno Raath.

Baie dankie aan elke Parkie wat sy/haar Vrydagaand verruil het om die Parkie-gees op die pawiljoen uit te leef. Die plaaslike koerant in Krugersdorp het Saterdagoggend berig dat sommige inwoners in die omgewing van Hoërskool Noordheuwel beweer dat hulle skilderye van die mure afgeval het en dat die vensters gekraak het...
Absolut onverklaarbaar.





# DEBAT



## Elke stem tel!

Dit is die rede waarom Menlo se senior debatteerders hulle stemme vandeesweek by die Parkie-debat laat hoor het. Die ingeligte tieners het soos kenners oor Suid-Afrika se kiesstelsel gesels en die beoordelaars met hulle kennis van kieslyste, kwotas en proporsionaliteit beïndruk. Die Insig bedank graag die deelnemers vir hulle voorbereiding en deelname, asook die beoordelaars vir hulle waardevolle insette. Die juniors is volgende week aan die woord en Die Insig wens elke deelnemer sterkte toe.



# MUSIEK

## Menlo-musici slaag geruisloos

Dit is nie net die matrikulante wat vandeesweek goeie nuus ontvang het nie, maar ook Menlo se musikante wat UNISA se teorie-eksamen en Trinity se tromeksamen verlede jaar afgelê het.

Baie geluk aan die volgende leerders:

**Teorie**

| | |
|---|---|
| Graad 1 | Zantè van der Hoven (cum laude) |
| Graad 3 | Jan-Hendrik Swanepoel, Clara Serfontein , Lynette Gildenhuys en Nina Louw (almal cum laude) |
| Graad 4 | Liezl van der Berg en Anje van Papendorp (albei cum laude) |
| Graad 5 | Jadyn van Jaarsveld (cum laude) |

*Zantè, Nina en Jadyn se name is op die nasionale ererol geplaas, aangesien hulle 90% of meer in die eksamen behaal het.*

**Tromme**

| | |
|---|---|
| Graad 3: Trinity Rock & Pop | Francois Swanepoel & Klara Schutte (albei cum laude) |
| Graad 4: Trinity Rock & Pop | Klara Schutte (cum laude) |

Welgedaan aan die Parkies en hulle musiekonderwysers. Hierdie uitslae bewys sonder twyfel dat Menlo se musici toonaangewend is.

Kultuur- en musiekliefhebbers word aan die skool se Kultuur Prestige-aand op 7 Februarie in die Atterbury Teater herinner.




**Kaartjies vir hierdie geleentheid is via die skakel beskikbaar.**

# ATLETIEK

## Skitteratletiek by Noordheuwel opgedis

Die afgelope naweek se byeenkoms tussen Die Hoërskool Menlopark, Hoërskool Noordheuwel en Hoërskool Randburg het talle hoogtepunte opgelewer. Die finale puntestand bepaal dat Menlo die byeenkoms oortuigend gewen het – 2 115 punte teenoor 1 457 van Noordheuwel en 806 van Randburg.

Die topprestasies van die dag is soos volg:







| Dogters | Item | APE |
|---|---|---|
| Alicia Khunou | Diskus | 1 000 |
| | Gewigstoot | 982 |
| Christé Loedolff | Diskus | 956 |
| Megan Nieman | 90 m-hekkies | 932 |
| | 100 m | 911 |
| Merlé Janse van Rensburg | Diskus | 914 |
| Cellonika van den Berg | Diskus | 913 |
| | Gewigstoot | 908 |
| Colene Scheepers | 200 m | 900 |
| Ashlynn Nel | Diskus | 900 |

| Seuns | Item | APE |
|---|---|---|
| Chris Swanepoel | Diskus | 966 |
| | Gewigstoot | 887 |
| Aidan Erasmus | Gewigstoot | 933 |
| | Diskus | 894 |
| Werner Bezuidenhout | 110 m-hekkies | 918 |
| Hanru Potgieter | Diskus | 917 |
| Joshua Gerber | Diskus | 887 |
| Johann Roelofse | 3 000 m | 883 |
| Erik Senekal | Diskus | 886 |
| Nicolas Nieman | Verspring | 853 |

# KRIEKET

## Menlo blink uit in stryd van boulers

Menlo se krieketvernuf is verlede week teen Hoërskool Waterkloof, Hoërskool Centurion en Hoërskool Nelspruit beproef. Baie geluk aan die spelers en afrigters met goeie uitslae.

**Menlopark o. 15 C vs. Waterkloof o. 15 C**

| | |
|---|---|
| Waterkloof | 104/7 (Arno van der Walt 2/7, Benjamin Behrens 2/13) |
| Menlo | 105/5 (Ruben Oosthuyzen 25*) |

Menlo wen met 5 paaltjies.

**Menlopark o. 15 A vs. Nelspruit o. 15 A**

| | |
|---|---|
| Menlo | 92 almal uit (Monré Koekemoer 32) |
| Nelspruit | 93/8 (Jacques de Villiers 3/12) |

Nelspruit wen met 2 paaltjies.

**Menlopark o. 15 A vs. Centurion o. 15 A**


| | |
|---|---|
| Centurion | 85/9 (Monré Koekemoer 3/20) |
| Menlo | 86/2 (Jaimi Coertse 26*, Jacques de Villiers 25) |


Menlo wen met 8 paaltjies.

**Menlopark 1ste XI vs. Nelspruit 1ste XI**

| | |
|---|---|
| Menlo | 171/9 (Ewald Meyer 40, Gerhard-Nico van Zyl 37) |
| Nelspruit | 162 almal uit (Ewald Meyer 3/24, Pierré de Villiers 3/21) |

Menlo wen met 9 lopies.



# SWEM



## Swem, Parkies, swem!

### Interhuis

Die Insig gee graag erkenning aan MJ Findlay (o. 17) wat ook by die interhuis as senior victor ludorum aagewys is. MJ en Antonie Pieterse (o. 19) deel vanjaar die trofee met hulle uitspattige prestasies tydens hierdie gala. Baie geluk!

### Algemene inligting

### Ligagalas

| | |
|---|---|
| Donderdag, 26 Januarie | A-span: Cornwall Hill College<br>B-span: Midstream College<br>C-span: Menlo |
| Donderdag, 2 Februarie | A-span: Deutsche Schule Pretoria<br>B-span: Curro Hazeldean<br>C-span: Overkruin |
| Donderdag, 9 Februarie | A-span: Menlopark<br>B-span: PBHS<br>C-span: Cornwall Hill College |



### Interhoër (Hillcrest Munisipale swembad)

| | |
|---|---|
| A-liga (A-span) | Maandag, 13 Februarie 2023<br>Menlopark is die gasheer |
| B-liga (B-span) | Dinsdag, 14 Februarie 2023 |
| C-liga (C-span) | Woensdag, 15 Februarie 2023 |

### Vervoer, spanlyste en kleredrag

* Swemmers word gratis per bus na alle Pretoria-galas vervoer en weer na afloop van die galas by die skool terugbesorg.
* Spanlyste word elke Maandag op Swem 2023 se WhatsApp-groep geplaas.
* Swembroeke word by me. Breggie Lubbe in E103 bestel.



### Oefentye

| | |
|---|---|
| Soggens | Maandae, Woensdae & Vrydae: 06:30 tot 07:30 |
| Smiddae | Maandae, Dinsdae en Woensdae: 14:15-15:15 |

# MUURBAL

## MMA skop jaar op goeie voet af

Die MMA laat nie op hulle wag nie. Slegs nege dae nadat die eerste skoolklok in 2023 gelui het, neem Menlo se muurbalspelers aan hulle eerste toernooi vir die jaar – Wilson Eastern Junior Squash Open – deel. Die Menloparkers het puik gevaar en die harde werk wat gedurende die vakansie gedoen is, was duidelik sigbaar. Die volgende MMA lede verteenwoordig die skool by die toernooi: Luzé Niemand, Ruan Hendriks, Dean van Zyl & Dian Jacobs.



# VAKATURE

## Bestuurder: Hoëprestasiesentrum

**Gesoek:** 'n Hardwerkende, betroubare persoon wat hom-/haarself voltyds tot die bevordering van ons sportprogram sal verbind.

**Verantwoordelikhede sluit die volgende in:**

- Bestuur van die gimnasium.
- Hoof van krag-en-kondisioneringsprogram.
- Effektiewe bestuurs- en kommunikasievermoë.
- Skryf en uitvoer van kondisioneringsprogramme.
- Rekenaarvaardig: Microsoft Excel en data-analise.
- Vermoë om effektief met groot groepe atlete te werk.

**Vereistes:**

- Kwalifikasie in sportwetenskap of biokinetika • Ondervinding in 'n hoëprestasie-omgewing
- Ondervinding in gimnasiumbestuur.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK

EXCELSA PETAMUS

**MENLO**

**Gimnasium**

Stuur 'n volledige CV na
hoof@menlopark.co.za

***Sluitingsdatum: 17 Februarie 2023***

**Word deel van die Menlo-ritme en die Menlo-lewe!**

www menlopark.co.za    AbsolutMenlo

# MARKPLEIN



SEDERT 19
60
1963 | 2023
KOOP JOU
Geblikte
SOKKIES
Datum Beskikbaar vanaf 23 Januarie
Plek Finansiële kantoor
Prys R170
Wees gekol of gestreep,
wees #menlo60
menlopark.co.za
AbsolutMenlo




NAALDWERK
VERSTELLINGS
KONTAK BERTA WHEELER BY:
073 501 8228
EQUESTRIA




MARYNA STEVENSON
PERSONAL DEVELOPMENT
Ontgin Jou
Potensiaal
Selfvertroue
Goeie indrukke
Positiewe ingesteldheid
Persoonlike handelsmerk
Sosiale vaardighede
Kommunikasie-vaardighede
Tafelmaniere
Doelwitte stel
Hoër kwaliteit lewe
Maak beter keuses
Jy kry dikwels net een kans om 'n eerste indruk te maak; maak joune onvergeetlik met 'n positiewe impak.
www.marynastevenson.co.za | 078 460 1288 | info@marynastevenson.co.za

TAU | SLOW LEATHER CO









TAU | SLOW LEATHER CO



15% OFF BACK TO WORK
**TECH BAGS**











BACK TO SCHOOL & WORK **PROMO**

Get stylish genuine leather bags for school and work to kick off the new year.





**10% OFF** BACK TO SCHOOL **SCHOOL BAGS**

INCLUDES A FREE LEATHER PENCIL CASE AND NAME ENGRAVING